SimpleStudy®

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## PROVINSIALE EKSAMEN

# NOVEMBER 2021

## GRAAD 10

## EKONOMIE

## (VRAESTEL 1)

EXEMPLAR

**TYD:** 2 uur

**PUNTE:** 150

**14 bladsye**

EXEMPLAR

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDBOEK:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste getal vrae. Antwoorde bo die vereiste getal sal NIE nagesien word NIE.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf die vraagnommer bo elke antwoord.

5. Lees die vrae aandagtig deur.

6. Begin ELKE vraag op ŉ NUWE bladsy.

7. Laat 2 – 3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.1.9 D.

1.1.1 Watter van die volgende val nie binne die ekonomiese vakgebied nie?

A Skaars hulpbronne
B Keuse
C Wat mense moet koop
D Geleentheidskoste

1.1.2 Mense se onbeperkte behoeftes en begeertes met beperkte hulpbronne om dit te bevredig, word die beste beskryf deur die volgende term:

A Die ekonomiese probleem
B Oorvloed
C Die produksiefaktore
D Die takke van die ekonomie

1.1.3 Wanneer nuwe geld tot die ekonomiese kringloop bygevoeg word, staan dit bekend as ...

A besparings.
B winste.
C lekkasies.
D inspuitings.

1.1.4 Die inkomste wat ŉ individu beskikbaar het vir besteding en besparing nadat hulle inkomste belasting betaal het staan bekend as ...

A reële inkomste.
B besteebare inkomste.
C nominale inkomste.
D bruto inkomste.

1.1.5 Gedurende die middeleeue het padnetwerke langs gewilde roetes ontwikkel as gevolg van ...

A toerisme.
B die besoek van vriende en familielede.
C handel.
D selfvoorsiening.

EXEMPLAR

1.1.6 Die studieveld wat handel oor gebruike en praktyke van plaaslike en internasionale handel word ... genoem.

A politieke wetenskap
B gemenereg
C sosiale wetenskap
D handelsreg

1.1.7 Watter van die volgende bevolkingsgroepe kan as ekonomies aktief geklassifiseer word?

A Mense in diens
B Leerders wat skoolgaan
C Mense 65 jaar oud en ouer
D Mense wat 14 jaar oud en jonger is

1.1.8 Die verskil tussen die geboortesyfer en die sterftesyfer van 'n land staan bekend as die ...

A tekort op die bevolking.
B natuurlike groeikoers.
C migrasie getalle.
D aktiewe bevolking. (8 × 2) (16)

EXEMPLAR

1.2 Kies ʼn beskrywing uit KOLOM B wat by ʼn item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – I) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Wetenskaplike metode | A | ʼn Sikliese patroon wat die natuurlike groeikoers van ʼn bevolking weerspieël |
| 1.2.2 | Ekonomiese sirkelvloei | B | ʼn Moderne ruilmiddel |
| 1.2.3 | Huishoudings | C | ʼn Sistematiese benadering om gereelde patrone te ontbloot |
| 1.2.4 | Aardverwarming | D | ʼn Ruilstelsel waar goedere of dienste direk verruil word vir ander goedere of dienste |
| 1.2.5 | Demografiese siklus | E | ʼn Groep mense wat saam woon en ekonomiese besluite maak |
| 1.2.6 | Lewensverwagting | F | Die verhoging van die aarde se gemiddelde oppervlaktemperatuur as gevolg van die uitwerking van kweekhuisgasse |
| 1.2.7 | Ruilhandel | G | ʼn Diagram wat die vloei van goedere, dienste, natuurlike hulpbronne, inkomste en uitgawes toon |
| 1.2.8 | Geld | H | Die daling van die gemiddelde temperatuur as gevolg van die uitwerking van kweekhuisgasse |
| | | I | Die aantal jare wat ʼn persoon kan verwag om te leef, gebaseer op die huidige demografie |

(8 × 1) (8)

EXEMPLAR

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf SLEGS die term langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer. Afkortings, akronieme en voorbeelde sal NIE aanvaar word NIE.

1.3.1 Natuurlike hulpbronne, mense, masjinerie en grond wat gebruik word vir die produksie van goedere en dienste

1.3.2 Die beweging van inkomste en uitgawes tussen die deelnemers van die ekonomie

1.3.3 ŉ Belasting wat gehef word om die verbruik van nie-meriete goedere te ontmoedig

1.3.4 ŉ Regeringsbeleid wat belasting en besteding gebruik in die ekonomie om in te gryp

1.3.5 Die beweging van mense om in stede te bly en werk

1.3.6 Burgers wat die land verlaat om burgers van ŉ ander land te word

(6 × 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A : 30**

EXEMPLAR

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling van die ANTWOORDBOEK.

**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem TWEE vertakkings van Ekonomie. (2 x 1) (2)

2.1.2 Watter probleme ondervind Sosiale Wetenskappe? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




**Aangepaste bron: www.*google*.com**

2.2.1 Watter raad word deur die dame in die spotprent gegee? (1)

2.2.2 Noem EEN loopbaangeleentheid wat verband hou met Ekonomie. (1)

2.2.3 Beskryf kortliks die term *Ekonomie*. (2)


2.2.4 Waarom word Ekonomie as 'n Sosiale Wetenskap beskou? (2)

2.2.5 Hoe verskil Makro-ekonomie van Mikro-ekonomie? (2 x 2) (4)

EXEMPLAR

2.3 Bestudeer die onderstaande illustrasie en beantwoord die vrae wat volg.

**Die Ekonomiese Sirkelvloei**



**Aangepaste bron: www.*google*.com**

2.3.1 Watter deelnemer word vermis in die diagram van die ekonomie? (1)

2.3.2 Wat word die bydraes van huishoudings tot die regering genoem? (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die term *buitelandse handel.* (2)

2.3.4 Waarom word Suid-Afrika as ŉ oop ekonomie beskou? (2)

2.3.5 Waarom is dit belangrik dat Suid-Afrikaners plaaslike produkte koop? (2 x 2) (4)

2.4 Verduidelik die verskil tussen positiewe en normatiewe stellings. (4 x 2) (8)

2.5 Waarom is finansiële instellings ŉ belangrike deel van die ekonomiese sirkelvloei model? (8)

**[40]**

EXEMPLAR


**VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE vakbonde in Suid-Afrika. (2 x 1) (2)

3.1.2 Waarom is dit belangrik dat die regering die land se bevolkingsgroeikoers skat? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die volgende grafiek en beantwoord die vrae wat volg.




3.2.1 Noem die siklus wat deur die grafiek geïllustreer word. (1)

3.2.2 In watter stadium sou die bevolking as 'n "ou bevolking" beskryf word? (1)

3.2.3 Beskryf kortliks die term *ekonomies aktiewe bevolking*. (2)

3.2.4 Waarom ervaar baie ontwikkelende lande hoë bevolkingsgroeikoerse? (2)

3.2.5 Hoe kan die regering help om die nasionale sterftesyfer te verlaag? (2 x 2) (4)

3.3 Bestudeer die onderstaande tekenprent en beantwoord die vrae wat volg.




**[Bron: Internet ]**

3.3.1 Watter tipe handel word in die spotprent hierbo uitgebeeld? (1)

3.3.2 Noem ŉ doeltreffender handelsmetode wat gebruik kan word? (1)

3.3.3 Beskryf die term *spesialisering* kortliks. (2)

3.3.4 Waarom is daar ŉ oorskotproduksie nodig om handel en markte te laat bestaan? (2)

3.3.5 Hoe het spesialisering gelei tot die toename in internasionale handel? (2 x 2) (4)

3.4 Verduidelik *die evolusie van finansiële instellings en die opkoms van aandelemaatskappye*. (4 x 2) (8)

3.5 Hoe bevoordeel ŉ toename in die grootte van die arbeidsmag die ekonomie? (8)
**[40]**

EXEMPLAR

**VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES**
**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae

4.1.1 Noem enige TWEE soorte verbruiksgoedere. (2 x 1) (2)

4.1.2 Watter effek sal ’n resessie op besigheidsaktiwiteite hê? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg

**Hoe lug-, water- en plastiek-besoedeling die ekonomie beïnvloed**
Die twee grootste probleme m.b.t besoedeling beïnvloed lug- en waterbronne. Besoedeling veroorsaak miljarde rande se skade aan die omgewing en mense se gesondheid. ’n Groeiende probleem is besoedeling deur plastiek, wat ons voedselvoorraad en selfs die lug wat ons inasem, beskadig. Volgens die Wêreldgesondheidsorganisasie sterf daar jaarliks 7 miljoen mense deur lugbesoedeling.

**Bron aangepas uit: https://www.thebalance.com/]**

4.2.1 Noem EEN oorsaak van lugbesoedeling volgens die uittreksel. (1)

4.2.2 Watter soort besoedeling is ’n toenemende oorsaak van aardverwarming? (1)

4.2.3 Beskryf kortliks die term *ontbossing.* (2)

4.2.4 Waarom moet die regering omgewingsubsidies aan ondernemings gee? (2)

4.2.5 Hoe kan ekonomiese ontwikkeling plaasvind sonder om die omgewing te benadeel? (2 x 2) (4)

EXEMPLAR

4.3 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg:

**Provinsiale verspreiding van die Suid-Afrikaanse bevolking in 2019**

| | **BEVOLKINGS -BERAMING** | **% VAN TOTALE BEVOLKING** |
|---|---|---|
| Oos-Kaap | 6 712 276 | 11,4 |
| Vrystaat | 2 887 465 | 4,9 |
| Gauteng | 15 176 116 | 25,8 |
| KwaZulu-Natal | 11 289 086 | 19,2 |
| Limpopo | 5 982 584 | 10,2 |
| Mpumalanga | 4 592187 | 7,8 |
| Noord-Kaap | 1 263 875 | 2,2 |
| Noordwes | 4 027 160 | 6,9 |
| Wes-Kaap | 6 844 272 | 11,6 |
| Totaal | 58 775 022 | 100 |

**Aangepaste bron: Statistieke Suid-Afrika**

4.3.1 Noem die instansie wat die bogenoemde inligting publiseer. (1)

4.3.2 Watter provinsie het die hoogste bevolking in 2019 gehad? (1)

4.3.3 Beskryf die term *migrasie* kortliks. (2)

4.3.4 Waarom is verstedeliking 'n probleem vir die regering? (2)

4.3.5 Hoe kan die regering verstedeliking aan bande lê? (2 x 2) (4)

4.4 Bespreek kortliks die evolusie van vakbonde. (4 x 2) (8)

4.5 Hoe suksesvol was die regering se optrede daarin om die negatiewe impak van COVID-19 op huishoudings en sakeondernemings aan te spreek? (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

EXEMPLAR

**AFDELING C**

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br><br>Die inleiding is ŉ laerorde-antwoord.<br>• ŉ Goeie beginpunt is om die sleutelkonsep wat met die vraag onderwerp verband hou, te definieer.<br>• Moet NIE enige deel van die vraag by die inleiding insluit NIE.<br>• Moet NIE enige gedeelte van die inleiding in die liggaam herhaal NIE.<br>• Vermy enige bespreking in die inleiding wat jy in die liggaam gaan bespreek. | Maks. 2 |
| **Liggaam**<br><br>**Hoofgedeelte:** Bespreek in besonderhede/Diepgaande bespreking/Ondersoek/Bespreek krities/Analiseer/Vergelyk/ Onderskei/Differensieer/Verduidelik<br><br>**Addisionele gedeelte:** Gee eie mening/Bespreek krities/ Evalueer/Evalueer krities/Assesseer/Trek ŉ grafiek en verduidelik/ Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Lei af/Vergelyk/Verduidelik/Onderskei/ Interpreteer/ Debatteer kortliks/Hoe/Stel voor | Maks. 26<br><br><br><br>Maks. 10 |
| **Slot**<br><br>Enige hoërorde-slot moet die volgende insluit:<br>• ŉ Kort samevatting van dit wat bespreek is, sonder herhaling van enige feite wat reeds genoem is<br>• Enige mening of waardeoordeel oor die feite wat bespreek is<br>• Addisionele ondersteunende inligting wat die bespreking/ontleding versterk<br>• ŉ Teenstrydige sienswyse met motivering, indien gevra<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL:** | **40** |

EXEMPLAR

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek breedvoerig die gevolge van ekonomiese skommelinge op die deelnemers aan die ekonomie. (26 punte)
- Evalueer die eksogene redes (monetaristiese siening) vir sakesiklusse. (10 punte) **[40]**

**VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek breedvoerig die Suid-Afrikaanse arbeidsmag onder die volgende opskrifte:
  - Ouderdom en samestelling (8)
  - Indiensneming en werkloosheid (10)
  - Geografiese verspreiding (8) (26 punte)
- Wat is die impak van MIV en VIGS op die Suid-Afrikaanse ekonomie? (10 punte) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**TOTAAL: 150**

DRAFT

**EINDE**